

PRETORIANA



AFRENSBOOGBIBLIOTHEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

- 9 NOV 1956

Klasnummer

05(68)

Registernummer

P. 1/2

Genootskap Oud-Pretoria - Old Pretoria Society

Kopiereg voorbehou

Copyright reserved

INHOUD - CONTENTS

- Mnr. W. Punt, M.A.: Die toekoms van Kerkplein;
Euufees-album — Stadsraad van Pretoria;
Centenary-Album — City Council of Pretoria;
Extract from Minutes . . . the Ceremony of the Laying of the Foundation Stone of the
Nasionale Bank & Mint Buildings (1892);
Mnr. W. Punt, M.A.: Onderhoud met Mnr. Kirkness;
Mnr. J. C. Vlok: Digterlike Ou Pretoria;
Mrs. P. E. Punt: Investigation Baines Paintings of Pretoria;
Dr. J. Ploeger: Two Telegrams to Pretoria;
Dr. F. J. du Toit Spies: Die oorsprong van ons Straatname (II);
Dr. T. S. van Rooyen: Oorlog en 'n Koerant.

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

OLD PRETORIA SOCIETY

(Gestig 22 Maart 1948)

(Founded 22 March, 1948)

Bestuur - Committee

W. Punt (Voorsitter/Chairman); Prof. Dr. A.N. Pelzer (Ondervoorsitter/Vice-Chairman); Dr. F.J. du T. Spies (Sekretaris/Secretary); Mej./Miss J.H. Davies, M.A.; (Onder-Sekr./Vice-Secr.); Dr. J. Ploeger (Penningmeester-Argivaris/Treasurer-Archivist); Mnr./Mr. J.P. Kleynhans; Dr. V. FitzSimons; Mevr./Mrs. H. Greenless; Mnr./Messrs. J.P. Jooste; J.C. Vlok; H.P.H. Behrens.

Redaksieraad van "Pretoriana"/Editorial Board of "Pretoriana": Mej./Miss J.H. Davies, M.A., Dr. F.J. du T. Spies; Dr. J. Ploeger; Mnr./Mr. J.C. Vlok.

Adres van die Sekretaris/Address of the Secretary: Dr. F.J. du Toit Spies: Posbus/P.O. Box 1422, Pretoria.

Verantwoordelik vir Nrs. 1 en 2/Responsible for Nos. 1 and 2: Dr. J. Ploeger.

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

GRONDWET 1949

1. Die naam van die vereniging is die "Genootskap Oud-Pretoria".
2. Die werksaamhede van die Genootskap sal hoofsaaklik tot die stad en distrik van Pretoria beperk wees.
3. Die Genootskap tree as 'n selfstandige liggaam op en stel hom ten doel:
 - a) Om histories-belangrike geboue en plekke op te spoor en outentieke gegewens daaromtrent in 'n register, vir dergelike doeleindes daarop na te hou, aan te teken.
 - b) Om onbeheerde of onvoldoende beheerde geskiedkundige voorwerpe of materiale na te gaan en vir die behoorlike bewaring of instandhouding daarvan die nodige stappe te doen.
 - c) Om dokumente, voorwerpe of materiale van geskiedkundige belang te versamel en, na gelang van omstandighede, self daarvoor te sorg, of dit aan die mees geskikte liggaam of inrigting vir veilige bewaring te oorhandig.
 - d) Om geskiedkundige feite in geskrif, beeld of andersins te verewig, en pogings aan te wend dit deur outentieke gegewens aan te vul en af te rond, ter bevordering van 'n getroue daarstelling van die geskiedenis van die stad en distrik van Pretoria.
 - e) Om op eie inisiatief planne te beraam en handelend op te tree in verband met geskiedkundige feesvierings, wat Pretoria tot uitgangspunt het.
 - f) Om behulpzaam te wees met die vasstelling, verlening of verandering van geskiedkundige benaminge vir enige gedeelte of ondergedeelte, soos b.v. ten opsigte van strate, pleine, waterlope en kenmerkende plekke, van die stad of voorstede of die distrik van Pretoria.
 - g) Om alle stappe vir die behoorlike uitvoering van die Genootskap se doelstellings, te doen.

(Vervolg op bls . 3 omslag)

(Continued on p. 3 of the cover)

4. Die Genootskap, met volle behoud van sy eie identiteit, verklaar hom bereid om met die bevoegde outoriteite van die Unie-regering, die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Munisipaliteit van Pretoria, en na goedvinde, met enig ander inrigting, liggaam of persoon, as medebelanghebbende saam te werk ter verwesenliking van bogemelde doeleindes.
5. a) Die aantal lede van die Genootskap is beperk tot honderd, maar die bestuur behou hom die reg voor om in besondere gevalle van hierdie reel af te wyk.
 b) Alle persone wat tot die stigting van die Genootskap bygedra het, en persone wat op uitnodiging van die bestuur tot die Genootskap toetree, sal lede wees, op voorwaarde dat niemand lid mag wees wat nie ten minste een jaar in die stad of distrik van Pretoria woonagtig was nie.
 c) Die bestuur behou die reg om, sonder opgaaf van die redes daarvoor, lidmaatskap te beëindig.
 d) Wanneer 'n persoon lid van die Genootskap word, sal verwag word dat hy of sy 'n toetredingsgeld van vyf sjielings betaal, en die bestuur sal die reg hê, wanneer nodig, om verdere heffings van hoogstens vyf sjielings per jaar te doen; (tans 7s.6d. of 10s.).
6. Die bestuur van die Genootskap bestaan uit 'n voorsitter, 'n onder-voorsitter, 'n sekretaris, 'n onder-sekretaris, 'n penningmeester, 'n argivaris en vier andere lede. Ses bestuurslede wat sal insluit die voorsitter of onder-voorsitter en die sekretaris sal 'n kworum vorm. Die bestuur sal gekies word op die algemene jaarvergadering met die verstandhouding dat die bestuur, wat op die eerste vergadering gekies is, aan bewind bly tot die eerste algemene jaarvergadering in November 1949.
7. Die bestuur sal gemagtig wees om onderkomitees van lede van die Genootskap aan te stel om op een of ander onderwerp in te gaan. Enige onderkomitee het die reg van aanvulling, nie noodwendig uit lede van die Genootskap nie.
8. Die jaarvergadering van die Genootskap sal in November van elke jaar gehou word, en die bestuur het die reg om van tyd tot tyd buitengewone vergaderings te belê.
9. Hierdie grondwet kan deur 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige lede op 'n vergadering gewysig word, mits 'n maand kennis van so'n vergadering en van die voorgestelde wysigings gegee word.
10. Afrikaans en Engels is die amptelike tale van die Genootskap.

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

UNIE-BOEKHANDEL
 Kerkstraat 236, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

UNION-BOOK STORE
 236, Church Street, Pretoria.

Prys: 1/- per eksemplaar.

Price: 1/- a copy

DIE TOEKOMS VAN KERKPLEIN

Op die onlangse jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria het Professor Dr. S.P. Engelbrecht 'n lesing oor die geskiedenis van Kerkplein gegee.

'n Paar maande van tevore het die stadsbeplanner, mnr. Cooper, ons oor die Holford-skema vir die Kerkplein toegesprek. Beide lesings getuig van die feit dat ons lede 'n diepgaande belangstelling in die toekoms van Kerkplein aan die dag lê.

Die Holford-skema vir die uitlê van Kerkplein vind by ons lede geen byval nie, hoofsaaklik omdat die plan die eenheid van die plein verbreek, die geskiedenis daarvan o.i. verontagsaam en die voorgestelde verandering die Stadsraad van Pretoria 'n onnodige groot bedrag sal kos.

Die Kerkplein is in 1855-57 deur landmeter Andries du Toit op 'n pragtige gelyk, ietwat vleiagtige stuk grond, uitgemeet. Die terrein het 'n paar voet van suid na noord gedaal, maar van oos na wes was die daling nog geringer en die plein het 'n natuurlike forum gevorm.

Die Kerkplein het die middelpunt van die stad geword waar baie van die groot gebeurtenisse in die geskiedenis van ons stad, die S.A. Republiek en die Unie van Suid-Afrika plaasgevind het. Vandag nog beskou die inwoners van Pretoria die plein as die geskiedkundige middelpunt van die stad.

In de afgelope eeu het verskeie geboue, wat tans van groot historiese en kulturele betekenis vir Pretoria, Transvaal, ja selfs die hele land is, om die Kerkplein verrys. Ek verwys hier na die Ou Goewermentsgebou, die Paleis van Justisie, die ou "Nasionale Bank" en die "Nederlandsche Bank". Groot militêre vertonings en parades het gereeld voor 1900 en daarna tot 1910 op die Kerkplein plaasgevind en die burgers van ons stad het ook dikwels hier vergader.

Tussen 1910-12 het die Stadsraad van Pretoria die voorkoms van die Kerkplein radikaal verander, deur die noordekant af te grawe en die suidekant van die plein tot by die hoek van Pretorius- en Mark (Paul Kruger) straat op te vul. So het die teenswoordige terras met sy balustrade aan die suidekant en die grasperke aan die noordekant tot stand gekom.

Vermelde veranderinge gee die verkeerde indruk asof die Kerkplein baie sterk van suid na noord daal. Hierdie indruk het nuwe inwoners van Pretoria en persone van oorsee miskien beïnvloed om planne aan die hand te doen wat ons pragtige Kerkplein nog verder in terrasse sal verbreek.

Ons voel dat die argitektoniese ontwerpe van hoe die Kerkplein verander moet word, meer aandag aan die terrein, geskiedenis, tradisies en servitude van die plein moet skenk. Die gevoelens, wense en voorstelle van ou Pretoriane en burgers van ons stad, in verband met die toekomst van Kerkplein behoort ook deur die Stadsraad besondere oorweging te geniet.

Lede van ons Genootskap dring daarop aan dat inheemse boomsoorte die plein moet versier, b.v. witstinkhout- en geelhoutbome vir skaduwee en kaffer-, wildepeer- en akasiabome vir blom- en kleureffek. Meer vywers en fonteine behoort aangelê te word, terwyl die busvervoer en waghuisies van die plein verwyder moet word.

Orals in die wêreld weerspieël die stadspleine die geaardheid van die betrokke land se bevolking, geskiedenis en kultuur. Ons Genootskap verwag dan ook dat ons stadsvaders sal toesien dat die Kerkplein in die toekomst in alle opsigte 'n Afrikaanse plein sal wees.

W. PUNT

VOORSITTER
Genootskap Oud-Pretoria

EEUFEEES - ALBUM

STADSRAAD VAN PRETORIA

Die Stadsraad van Pretoria sal in Januarie volgende jaar 'n Eeufees-Album van Pretoria uitgee waarin beoog word om die geskiedenis van Pretoria in beeld te stel.

Die oorspronklike idee was dat hierdie boek 'n deel sou uitmaak van die publikasies wat die Stadsraad van plan is om tydens die Eeufees in 1955 uit te gee, maar toe het die plaaslike Van Riebeeck Fees-komitee gevra of dit nie vroeër beskikbaar gestel kon word sodat dit met die poskoets na Kaapstad gestuur kan word nie. Die Redaksieraad wat op versoek van die Stadsraad die werk behartig, het toe onderneem om te probeer om die boek betyds uit te gee.

Die foto's wat daarin gebruik word, is hoofsaaklik uit die munisipale versameling en aangevul deur foto's in die Transvaalse Museum, die Argief en in prof. S.P. Engelbrecht se versameling. Hierdie "prente verhaal" begin met dokumente wat terug dateer na 1853 en op die laaste bladsy sal 'n foto verskyn van die poskoets waarin die boek na Kaapstad geneem sal word. Baie foto's en dokumente is heeltemaal nuut en word vir die eerste keer afgedruk.

Die Redaksieraad wat verantwoordelik is vir hierdie werk bestaan uit prof. S.P. Engelbrecht (voorsitter), mnr. J.A.I. Agar-Hamilton en prof. A.N. Pelzer met die Stedelike Skakelbeampte, Mnr. H.P.H. Behrens, as sekretaris.

CENTENARY + ALBUM

CITY COUNCIL OF PRETORIA

The City Council of Pretoria will publish in January next year a Centenary Album in which an attempt is made to tell in photographs the history of Pretoria since it was established in 1855. At first it was intended that this volume should be one of the publications which the City Council intends issuing in connection with the city's Centenary. The Pretoria Van Riebeeck Committee, however, asked whether it could not be published in time so that a copy thereof could be sent in the mail coach to Cape Town. The Editorial Board responsible for this work agreed to do so.

The photographs are mainly from the municipal collection, supplemented by photographs from the Transvaal Museum, Archives

and from photographs in Prof. S.P. Engelbrecht's collection. The story told in this book begins with documents dating back to 1853 and on the last page will appear a photograph of the mail coach in which the book will travel to Cape Town. Many of these photographs and documents are completely new and have not been reproduced before.

The Editorial Board editing the album consists of Prof. S.P. Engelbrecht (chairman), Mr. J.A.I. Agar-Hamilton and Prof. A.N. Pelzer with the Public Relations Officer, Mr. H.P.H. Behrens, as secretary.

EXTRACT FROM MINUTES

relative to the

CEREMONY OF THE LAYING OF THE FOUNDATION STONE

of the

NATIONALE BANK & MINT BUILDINGS, PRETORIA

On Wednesday, 6th July 1898 at 3 o'clock in the afternoon the Ceremony of the Laying of the Foundation Stone of the Nationale Bank & Mint Buildings was performed by His Honour President S.J.P. Kruger, assisted by Mr. T.W. Beckett, Chairman of the Board of Directors and Mr. H. Milits, Joint General Manager of the Bank.

The Board of Directors, the members of the Executive Council and the two "Volksraden", heads of most of the official departments, the Representatives of Foreign Powers besides the leading citizens, were present.

Hereafter follows the detailed description of the Ceremony: Long before Wednesday afternoon was far advanced, the north side of Church Square presented a scene of bustling activity. From the Landdrost's office to the present National Bank building a long garland of flags waved in the breeze, comprising the national colours of all countries arranged in brilliant contrast. From a high staff in front of the spot which the new building will occupy a very large vierkleur blew gaily over the surroundings. About three o'clock a large crowd assembled outside the railings, and several hundreds of invited guests were wending their way on to the platform erected over the

foundations of the new buildings.

Punctually at three His Honour President Kruger arrived, wearing his pale blue sash with all decorations. He was escorted to the platform by Mr. Beckett and Mr. H. Miltz, General Manager of the Bank.

Meanwhile the stone, which carried the following inscription:

HOEKSTEEN
VAN DE GEBOUWEN VOOR
DE NATIONALE BANK EN MUNT,
GELEGD DOOR
ZHEd. S. J. P. KRUGER,
STAATSPRESIDENT DER Z. A. REP.
OP 6 JULI, 1892

was placed in position by the large crane, and Mr. Beckett, stepping forward, said: President Kruger, we are glad to have you present here with us, to ask you to honour us by laying the corner-stone of these new National Bank buildings. Although established for only fourteen months, the institution has made steady progress under most careful guidance, and will, I sincerely trust, be a means of working only for the good of this State and its people. The time is short, and I now ask you to lay this stone, and present you, on behalf of Mr. Kirkness, the builder, with this silver trowel.

The trowel was a beautiful piece of work in the silver-smith's engraving art and was made by Mr. L. Rohlin, of this town. The following was the inscription: -

TER
GEDACHTENIS
AAN DE HOEKSTEENLEGGING
VAN DE
NATIONALE BANK EN MUNT-GEBOUWEN
DOOR
Z. H. E. DEN STAATSPRESIDENT,
S. J. P. KRUGER
6 JULI, 1892

Notulen
aangaande de Hoeksteenlegging
van de
Nationale Bank en Munt Gebouwen
te Pretoria

door Zijn Hoog Edelde den Staatspresident

Op heden, Woensdag, 6 Juli
1892, ten 3 Ure n.m. werd door mij
als President van dezen Staat de
Hoeksteen der Nationale Bank en
Munt Gebouwen gelegd, in tegenwoordig-
heid van de voornaamste officieele en
civiele personen,

Ook dus gegeven onder mijne hand,
op dezen 6^{den} dag van Juli, in het jaar onzes
Heeren Een duizend acht honderd twee en negentig

[Handwritten signature]
Staatssecretaris

[Handwritten signature]

[Handwritten signature]
Staats-President

[Handwritten signature]
Voorzitter

[Handwritten signature]
Secretaris der Nationale Bank

His Honour then stepped forward and inspected the leaden casket which was placed in the stone, and which contained the following:- Copy of Bank Concession; Copy of Bank Statutes; Copy of Bank Note Law; Prospectus of the first State Loan; Copies of the following papers of 6th July, 1892: The Press, Transvaal Times, Transvaal Advertiser, and Staatscourant; Bank Note of £1; gold coins, £1 and 10/-; silver, 5s. piece; and the signatures of the Pretoria staff of the Bank.

His Honour was exceedingly particular in taking note of the contents of the casket, and then devoted a considerable time to practically testing the position of the stone by means of spirit levels, and the stone slowly sank into its permanent position, and The President then stood up and said: Ladies and Gentlemen, Mr. Chairman and Board of Directors of the National Bank, Members of the two Volksraads, officials, burghers and friends, I now declare to have laid this stone truly and properly (cheers). Within this corner stone of the buildings of our National Bank and Mint is the Law of the Land, all public documents connected with the Bank, specimens of the Press of this town, including the Staatscourant of to-day, and the coins of this Republic issued to date. It is a great pleasure and honour to me to perform this duty, and although this is not the place and time to speak much about the affairs of the Bank, as it is only a very young institution, yet I must say that it is working its way to a most honourable position, and has scored well so far.

The future of this institution looks most hopeful, and with it the future of the Republic. It is by the National Bank and Mint that our country will have bonds of common progress strung to the sea coasts by means of railways (cheers), and many other advantages. Let those who are guiding this important institution remember that it forms the central point of the country, round which its administration revolves, and though young now will slowly but steadily work its way to a most prosperous position. I look back to the year 1839, when the old Voortrekkers entered the Republic, when I was but a stripling of thirteen years old. Waves of trouble have gone over the land and cruel wars, native and otherwise, have swept over our Republic, but to-day I stand here in my sixty-seventh year, and am able to lay the foundation stone of the National Bank and Mint Buildings of the South African Republic, by the grace of the Almighty, and independent State amongst the nations of the world. The Lord in His power has helped us so far, and He will help us further. (Applause). One more word. I have now laid the stone, and need only inform you that with the finish of the important ceremony in connection

with the National Bank, the first national loan of two-and-a-half million has been successfully issued in London to-day. I have said. (Great cheers).

Mr. Militz, General Manager, after addressing the President, and thanking him for having laid the foundation stone, also all those present for the interest they had shown in the loan in taking part in the function of the day, referred to the influential gathering and the representatives of the State, that had assembled to add eclat to the occasion. It gave a feeling of satisfaction to the officials of the Bank, to receive on that day an acknowledgement of the work they had accomplished in the past. The day would always be remembered by them as one which was of more meaning to the State than the simple erection of a few stone buildings. With regard to the Mint, they were of the hopeful conviction that the Transvaal people would, even after many years, to come, express their thanks to the present Government for having, with a view to the great future, supported by its influence the erection of an institution such as this. Although to-day they saw but naked walls before them, not many months would pass when within these walls an activity would commence which would be welcome to the largest industry of the country, namely, the gold-production.

The Transvaal had its gold, and very soon it would have the means to convert it into currency, and that without being put to the expense of exporting it to Europe with loss in exchange and interest; and the Mint would possibly become a welcome auxiliary for less productive lines.

They admitted that this country at present was not large enough to have all the gold produced converted into its own coin at this Mint, but there was no doubt that they would find ample circulation for the coin as manufactured through their commercial relations with neighbouring countries; and there was even room for the possibility that the new coin in time would also be readily acknowledged beyond the borders of the State. He asked them to drink the health of His Honour Paul Kruger, State President of the South African Republic, with three cheers.

After refreshment had been partaken of, *Mr. Edward Lippert* rose and made the following interesting remarks: -
As one of the founders of this Bank, I think that I am in the best position to state what the object of the Government were

in establishing the National Bank. For more than three years I had negotiated with the President and the Government, and the outcome of these deliberations is the work that you come to inaugurate, and of which I am sure there is no occasion to be ashamed. It was not the object of the Government to oppose any existing Banks by giving a concession; the Government knows well enough that an honest and healthy competition in banking is good for the State. There is room enough in this country for more. Nor was it their object to give to any person or a group of financiers special advantages out of which they could make money. As a matter of fact every founder of this Bank has lost money in erecting this institution, paying the whole cost of it, though every one of them looks forward to reaping the benefit thereof at a later day. The real and only object of the Government in supporting this Bank by a concession was to enable it to do good service to the nation and the country. Banks are institutions which have for their sole object the earning of money in order to divide the same among its shareholders as holders as dividends, and not for the object of doing any good to any particular country.

Therefore the Government wished this Bank to do something more than merely earn money. They wished this Bank to devote itself also to the support and development of the country's interest. It had to support it by a concession; by its influence and authority, and by its money, and the State having put £100,000 into the Bank it will receive a handsome interest thereon. Apart from the general interest of the country, a National Bank has also the duty of giving financial support to the Government, and I think we have no cause to regret to-day that this Bank has been asked to support the first financial undertaking of the State (applause).

While the centre of money making is in Johannesburg, where all the other Banks have their head offices in this Republic, this Bank is in Pretoria, and more in touch with the general concerns of this Country, in close proximity to the Government, the two Volksraads, and the owners and settlers in this land.

While Johannesburg is no doubt the centre of the gold industry, Pretoria is that of the other industries, and the agriculture and trade of the northern parts. Too often over the importance of the gold industry it is forgotten that the agriculture and the interests of the settlers on the land form a most important part of the interests of the country.

No country and no Government can rely on one section of its industries only, but it must see that all others are equally developed. And I think that this establishment erected in Pretoria, and the daily contact of its managers and officers with men from all parts of the country, will constantly remind of their national obligations, and that they have a duty to pay every single Boer, to every single foreigner who comes to them with a sound proposal of business. (Applause)

The toast was heartily received and gracefully acknowledged by Mr. Verwey, who responded on behalf of the Directors.

The Secretary of the Bank then read to the State President, the following minutes relative to this Ceremony, Minutes which were then signed by His Honour and the following gentlemen:

"To-day, Wednesday, 6th July, of the year 1892, at 3 o'clock p.m., the foundation stone of the National Bank and Mint Buildings was laid by me as President of this State, in presence of the undersigned officials and the public. Given under my hand this 6th day of July, in the year of our Lord 1892."

S. J. P. Kruger
State President

T. W. Beckett
Chairman of the Board of
Directors

Dr. W. J. Leyds
State Secretary

V. Schoenmehl
Secretary National Bank

Pretoria, 13 July 1892

(Signed) *T. W. Beckett*
Chairman

V. Schoenmehl
Secretary

Information supplied to Dr. V. FitzSimons by the
"National Bank".

ONDERHOUD MET MNR. KIRKNESS

Mr. John Johnston Kirkness is op die Orkney-eilande in die jaar 1857 gebore. In 1879 het hy as timmerman na Suid-Afrika gekom. Hy het in Durban, Ladysmith, Bethlehem, Barberton, Bloemfontein en ten slotte in Pretoria as timmerman en aan-nemer gewerk. Op Barberton het hy die Gereformeerde Kerk gebou. As gevolg van 'n dinamietontploffing het Kirkness in Barberton sy regteroog verloor.

Toe J.J. Kirkness die kontrak vir die bou van die Goewermementsgebou gekry het was boumateriaal in Pretoria skaars. Al die houtwerk vir die gebou het hy uit sy vader se timmermanswinkel op die Orkney-eilande laat kom. Die hout is van Noorweë en Swede na Orkney ingevoer, Van die fabriek is die deure, vensters, ens. na Durban verskeep en per spoor tot by Charlestown en van daar per ossewa na Pretoria vervoer. Die sandsteen vir die gebou is op die plaas Waterval by Pyramidstasie twaalf myl noord van Pretoria uitgehaal. Later is hier ook deur Kirkness steenkool gegrawe. Dit was 'n baie goeie soort sandsteen en Sir Herbert Baker wou dit later ook vir die Unie-gebou gebruik, maar daar was nie voldoende sandsteen op Waterval oor nie en sandsteen van Coalbrook, O.V.S. is toe gebruik.

Die leiklip vir die fondament is op Stinkwater by Hammanskraal gegrawe. Bakstene is op Groenkloof gebrand. 'n Italiaanse maatskappy het kort van tevore 'n steenmakery in Groenkloof begin maar het na 'n tyd die werk gestaak.

Mr. J.J. Kirkness het die saak onderneem en een van sy voormanne wat in Staffordshire bakstene vervaardig het, het daarin geslaag om 'n goeie gehalte baksteen te lewer. Mr. T. Kirkness sê dat die loodvensters, die klok ens. oorsee bestel is maar hy weet nie waar nie. Argitek Kraan van die firma Kraan en Wyers het met twee ander persone die hoeveelhede vir die Goewermementsgebou bereken.

Tydens die aanbou het werkmense 12/6 per dag gekry. Die goudmyne het toe £1. per dag betaal en Kirkness moes die lone verhoog met die gevolg dat hy geen wins op die transaksie (bou van die Goewermementsgebou) gemaak het.

W. PUNT

Opgestel: 18.X.1950.

DIGTERLIKE OU PRETORIA

In sy "Worstelstrijd der Transvalers" sê F. Lion Cachet o.m. dat Potchefstroom die hoofstad, maar dat Pretoria die hartstad was.

Dr. H.S. Bosman, veertig jaar lank leraar in Pretoria met 'n gemeente wat feitlik van die Rand tot diep in Waterberg gestrek het, het meermale dit beklentoon dat die werklike Ou Pretoria inderdaad soos een groot gesin was.

Oes van dae staaf dié bewering. Hulle vertel ook hoedat Ou Pretoria, lui uitgerek tussen sy rante, dig bebos en met sy oorfloed aan water 'n keurige dorpie was.

Of dit die idilliese was wat die ingesetene aangetasen dikwels digterlik gestem het en of die oorsaak elders gesoek moet word, is 'n saak waaroor dit onnodig is om uit te wei. Wat vas staan, is dat baie Pretoriane deur die digterlike gees en tot die pen gedryf is.

Van die gedigte het dan ook in die skamele pers van die dae verskyn en hoewel die pogings merendeels die blote rymelary was, was die lus tot "versiesmaak" daar.

'n Tipiese voorbeeld van die soort - sal 'n mens maar sê? - gedigte was die volgende in "De Volksstem" in die sewentiger jare opgeneem is en dit onder die opskrif "Ontboezeming". Die eerste versie van 'n stuk of agt soortgelykes dui die gehalte aan. Die versie lui:

'Ontwaakt gy allen, die tot heden verbasterd door een
valschen schijn,
Verkleefd zyt aan een vreemden volkszang terwyl die
nationaal moet zijn,
't Wordt tyd dat wy ons lied aanheffen in toonen,
krachtig als de staal,
En klinken moet het ,landgenoten aan beide zyden
van de Vaal".

Dikwels het die editeur van "De Volksstem", Jan F. Celliers, die rymelary, grappe en staaltjies in 'n hoekie van die blad saamgehoek en dit onder die ietwat dubbelsinnige opskrif "Mengelwerk".

Iemand wat baie plaasruimte in die Engelse uitgawe van gemelde blad gekry het, was Albert Brodrick, winkelier en epigrammatiese digter wat, so tussen sy gevatte rymelary, nogal verdienstelike werk gelewer het.

Brodrick, as geoordeel moet word na sy pennevrug, was 'n mengsel van hartelikheid, skerpsinnigheid en die satiristiese. Hy was partykeer skerp, en hy het hom meermale aan laster skuldig gemaak maar die gees van broederlikheid, die hartelikheid van die deursnee Pretoriaan van daardie dae het verhoed dat daar ernstige gevolge was.

Wie op die gedagte gekom het om van Brodrick se gedigte in 'n bundel uit te gee, sal seker onbekend bly, maar teen die einde van 1874 is aangekondig dat daar in die pers was: "Fifty Fugitive Fancies" van A. Brodrick. Die boekie sou 2/6 per eksemplaar kos en die opplaag sou minstens 'n duisend beloop. In die aankondiging is om advertensies gevra om die koste van die uitgawe te bestry en-hopelik-om die winste te verhoog. Dié kant van die onderneming is misluk. Maar die boekie het verskyn. Jan F. Celliers en Rous (Drukkers en boekbinders) het dit gepubliseer en dit was die eerste boek wat in die Transvaal gedruk en uitgegee is.

Daar is 'n eksemplaar van die boekie in die Staatsbiblioteek en die toestand van die uitgawe getuig van degelike handewerk. Maar die drang tot digterlikheid het hom nie net in Pretoria voorgedoen nie. In Potchefstroom was daar in gemelde tydperk ene Fred. Kleyn, "Procureur, Notaris publiek, Generaal Agent en Vendu-Afslager" wat sy kantoor op die Markplein gehad het. Hy het later na Pretoria verhuis en die naam Fred. Kleyn het lank met die regspraaktyk in Pretoria verbonde gestaan.

In dié versie, waarmee die skrywe afgesluit word, noem Kleyn vir Henderson (toe al Pretoriaan) en Hollard (later Pretoriaan, maar toe nog op Wakkerstroom wetsagent).

Kleyn se digterlike ontboesening was:

"Al de procureurs zijn hier
Voor bezigheid of voor plezier,
De een is groot, de ander *Kleyn*
En allen schijnen vriend te zijn.
James Henderson en Hollard ook;
De heele spul is aan de kook,
En "While they make the kettle boil,
How many cases will they spoil?"

J.C.V.



In Paul Krugerstraat, Pretoria. - Links: Die woning waarin Hoofregter (later Sir) John Gilbert Kotzé, die skrywer van "Memoirs and Reminiscences" gewoon het. - Regs: De Bruyn se skoewinkel was hier in die ou dae gevestig (opgerig 1893).

In Paul Kruger Street, Pretoria. - Left: The residence of Chief Justice (later Sir) John Gilbert Kotzé, author of "Memoirs and Reminiscences". Right: Where de Bruyn's Shoe Store, established in 1893, was situated.

VONDSTE IN DIE STAATSMODELSKOOL

Met verwysing na die gelyknamige bydrae wat op blas. 18 e.v. in die eerste uitgawe van "Pretoriana" verskyn het, berig mnr. C. Plokhooy, redakteur-eienaar van die "Hollands Weekblad" Pretoria, dat die glasplate van genoemde fotografiese opnames deur mnr. F. Oudschans Dentz aan die Bloemfonteinse oorlogsmuseum geskenk is.

J.P.

WAAR IS DIT GEDRUK?

In ons besit is 'n eksemplaar van G.A. Odé se "Hollandsche Spraakleer voor onze jonge scholieren in Zuid-Afrika" (eerste deel, 64 bls., 6x4 duim).

Odé was 'n tydlank sekretaris van die Departement van Onderwys in die S.A.R. Die "Voorbericht" is gedateer "Pretoria, Februar 1891" en op die omslag en titelblad staan - tussen aanhalingstekens - "Pretoria," en die jaartal 1891. Op watter pers is die boekie gedruk?

J.P.

INVESTIGATION BAINES PAINTINGS OF PRETORIA

Referring to the Thomas Baines Diary, in Febr. 1872 paintings of Pretoria were made for Messrs. A.H. Brodrick, Carl Jeppe and Robert Lys. One of the paintings is in the possession of the City Council of Pretoria.

In an interview with the only daughter of Carl Jeppe, Mrs. Dunstan, Mrs. Dunstan distinctly remembered a painting of the Jeppe homestead, then situated on the corner of Du Toit and Church Streets, the site being where the Tilsim Hotel is today. The painting was done of the house facing north. The artist facing south viewed it from about where the Hervormde Kerk now stands. She said that also she did not remember the name of the artist; it could be none other than the Thomas Baines painting referred to. It hung in the hall of the homestead.

Mrs. Dunstan also told us that the oak trees in Visage Street between Prinsloo and Van der Walt Streets were planted (under supervision) from acorns by her mother when a child and as far as she recollects the daughter of President Burgers in about 1875. She also stated that one of the oldest homes in Pretoria still standing in Visagie Street, between Paul Kruger and Bosman Streets, and the cottage at the back of the house belonged to the Juta family.

(Mrs.) P. E. PUNT

TWO TELEGRAMS TO PRETORIA

"On the afternoon of September 2, 1897, the secretary of the Sheba Company, John Holland, returning to the mine with a payroll of £1,000 and guarded by two companions, was making his way along the road which led through the kloof called Elephants Kloof from the old bones left there by native hunters. At the end of the kloof they discovered a breastwork and standing on the top a masked man with a Winchester repeating rifle levelled at their heads. He sent two bullets over them and a sharp 'Hand up', Holland's horse bolted. At the bottom of the kloof a second masked man appeared and as the horse passed he shot it through the neck. . . . The highwaymen then seized the cash and the other two horses. They bade everybody an affable good-bye and vanished into the bush with a string of pursuers soon in full cry behind. The money was never recovered. . . This is the story of a robbery as told by the author of "Lost Trails on the Low Veld" (T.V. Bulpin), a book dealing with Barberton in the early days (Chapter XX).

In Pretoria, Mr. Samuel Marks, of the well-known firm Lewis & Marks, being connected with the Sheba Mining Company, received two telegrams informing him of the daring hold-up.

The text of the first telegram reads as follows:

"Holland and guard Cicognani with Cohn & Cubitt riding in company were held up on Barberton road Elephants Kloof at five this afternoon & robbed of one thousand pounds Sheba cash. Robbers fired killing Holland's horse & took horses of Cicognani Cohn & Cubitt. Have wired all along the lines & offered one hundred pounds reward. Please have authorities take active steps." (From: Blow, Eureka, received at Pretoria, Sept. 2, 1897).

The second telegram, wired to Pretoria on the next day and also addressed to Mr. Samuel Marks, runs as follows:

"Robbers supposed to be trying to escape to Natal via Ermelo & Charlestown. Have two men in pursuit. Robbers shot one man yesterday. One horse returned. Will wire you any further particulars". (From: Blow, Eureka). 1)

J.P.

1) Both telegrams have been traced in Pretoria. J.P.

DIE OORSPRONG VAN ONS STRAATNAME

II

Al reaksie wat daarop die vorige behandeling van straatname van Pretoria gekom het, is van mnr. W. Punt. Hy lewer die volgende bydrae ten opsigte van:

Boomstraat: "'n Kleinseun van Andries du Toit, aldus mnr. Punt, "het my 'n paar jaar gelede die volgende meegedeel. Toe du Toit met die opmeting van wat nou Boomstraat is, besig was, het hy 'n baie groot boom midde in wat die straat sou word, aangetref. Vandaar die naam Boomstraat." Welke verklaring van die herkoms van die naam is nou die juiste, hierdie een, of die wat in die vorige uitgawe verstrekk is? Of miskien albei? Ons handel vervolgens die strate van Pretoria-Sentraal verder:

Bosmanstraat: is na ds. H.S. Bosman, bekende predikant en onderwysman van Pretoria, genoem.

Ds. H.S. Bosman is in 1848 op 'n plaas in die distrik Victoria-Wes gebore. Sy ouers verhuis kort hierna na Potchefstroom. In 1864 is hy na die Suid-Afrikaanse Kollege Stellenbosch, toe na die kweekskool aldaar en

uiteindelik na die Teologiese skool van Edinburgh en die Universiteit van Utrecht.

In 1876 is hy as predikant van die Hervormde gemeente van Pretoria georden. Gedurende die laaste jare van die eerste Britse besetting van Transvaal ageer hy as waarnemende Superintendent van Onderwys. Ook daarna is hy bekend vir sy bemoeiing met onderwysake. In 1926 lê hy sy bediening neer en is op 2 Mei 1933 oorlede.

(Gegewens uit Dr. M.A. Basson, "Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys".)

Die straat het voorheen die naam van Kochstraat gedra en is waarskynlik net na die oorlye van ds. Bosman in 1933 verdoop. Die naam Koch is afkomstig van twee broers Koch wat 'n winkel in die straat gehad het.

Brounstraat: heet na ene Tom Brown, 'n boukontrakteur, maar verdere besonderhede oor die persoon kon ek nie opspoor nie.

Bureaulaan: kry sy naam vanweë die feit dat dit die kantoor - (buro) sentrum van die stad in die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek was. Vandag is dit nog enigsins die geval.

Burgersparklaan: grens aan Burgerspark, vandaar die naam. Die park heet by my wete na president Thomas François Burgers (1834 - 1881), president van die Suid-Afrikaanse Republiek van 1872 tot 1877. Burgerspark was aanvanklik 'n krieketveld en het later eers sy huidige vorm gekry.

Christinastraat en Clarastraat: Oor hierdie twee strate het daar geen gegewens ingekom nie. Kan een van die lesers miskien meedeel na welke Christina en welke Clara die strate genoem is?

Du Toitsstraat: heet na Andries François du Toit, gebore in Eerste Rivier, Stellenbosch in 1813, oorlede te Middelburg, Tvl. in 1883. Hy is die persoon wat Pretoria oorspronklik uitgemeet het en was ook die eerste landdros daarvan, van 1857 tot 1859. (Vir verdere besonderhede oor hierdie persoon word verwys na: J.H. Breytenbach, Andries François du Toit. Sy aandeel in die Transvaalse geskiedenis. - Argiefjaarboek 1942, deel II).

Erasmuslaan: is genoem na generaal D.J.E. Erasmus. Verdere besonderhede sal verwelkom word.

Fehrsiaan: heet na die landmeter Fehrsen. Maar waarom is die naam dan nie voluit gebruik nie? Ook hier word verdere besonderhede oor die persoon versoek.

Fordstraat: heet na ene George Ford, grofsmid en/of stads-raadslid. Die gegewens hieroor is onduidelik. Was die-selwde persoon grofsmid sowel as stadsraadslid, of is dit twee verskillende persone met dieselwde naam, en indien wel, na wie van die twee is die straat genoem?

Fountain Lane (Fonteinlaan): Die Fountain Hotel, Suid-Afrikaanse Polisie-klub, was vroeër in hierdie straat geleë.

Grandstraat: Die oorsprong van hierdie naam het ek nie kon opspoor nie.

F.J. du T.S.

oorlog en 'n koerant

deur Dr. T.S. van Rooyen

Nadat die Transvaal in 1877 geannekseer is het die Boere-leiers herhaalde pogings aangewend om die Britse regering te oortuig dat die anneksasie onregverdig was en dat dit nie die goedkeuring van die meerderheid van die Transvalers weggedra het nie. Toe die Gladstone-ministerie uiteindelik te kenne gegee het dat die Boere die anneksasie as 'n voldonge feit moet beskou en dat aan 'n teruggawe van die Transvaalse onafhanklikheid daar geen sprake van kan wees nie, het die Boere dan ook besluit om na die wapen te gryp.

Op die oggend van die 21ste Desember 1880 het die nuus van die noodlottige slag van Bronkhorstspruit die Britse outiriteite in Pretoria bereik. Kolonel W. Bellairs, militêre aanvoerder in Transvaal het dan ook besef dat hy hier te doen het met manne "who under good leadership, exhibit courage, discipline and organisation", en sou dit dus fataal wees om die Boere te onderskat. Hy en sy ondergeskikte offisiere Luit.-Kol. Gildea en Maj. L. Messurries het dan ook vir Sir Owen Lanyon aangeraai om onmiddellik krygswet af te kondig en Pretoria te probeer verdedig totdat versterkings vanaf Natal sou opdaag. Vroeg die volgende dag (die 22ste) is die inwoners van Pretoria beveel om hul huise te verlaat en die militêre kamp wat aan die Oostelike kant van die dorp geleë was, te gaan betrek. Tweeduisend driehonderd nege-en-sestig blanke mans, vrouens en kinders en eenduisend driehonderd een-en-dertig naturelle is daarop in die kamp saamgehoek terwyl die Boere die heuwels om die dorp beset het met die doel om die kamp te beleër en sodoende tot oorgawe te dwing.

Om die eentonigheid van die kampelewe enigins draagbaar te

maak en ook om die inwoners sover moontlik op hoogte te hou met die militêre toestand in Transvaal is 'n blaadjie "News of the Camp" onder redaksie van Charles Du-Val en Charles Deecker uitgegee. Die nodige set-masjiene het hulle verkry uit die kantore van die "Transvaal Argus" nadat laasgenoemde koerant as gevolg van die ontruiming van Pretoria deur die inwoners, noodgedwonge enige verdere uitgawes moes staak.

Die "News of the Camp" het elke Dinsdag, Donderdag en Saterdag verskyn en is vanselfsprekend 'n waardevolle historiese bron aangesien dit ons 'n idee gee van die lewe en bedrywighede van die inwoners van die kamp gedurende die tydperk wat die beleëring van Pretoria geduur het. Altesaam veertig uitgawes het verskyn en behalwe die oorlogsnuus is die inhoud ook afgewissel met ligte skets, humoristiese sketse aangaande die kampelewe en verder ook enige gebeurtenis van sosiale belang wat binne hierdie vasgehoue gemeenskap plaasgevind het. Die doel was dan ook om die inwoners op te beur sodat hulle die las van die omstandighede waarin hulle geplaas is kan dra totdat versterkings vanaf Natal sou opdaag. Die doel was dus ook propagandisties van aard en kan ons verwag dat sommige van die oorlogsberigte wat geplaas is eensydig sou wees.

Reeds op die 25ste Desember 1880 het die eerste uitgawe verskyn en is dit deur die twee redakteurs beskryf as "A Journal of Fancies, notifications, gossip and general chitchat, published in the military camp of her Majesty's forces defending the beleagured inhabitants of Pretoria", met as motto "Cribbed, cabined, confined, Bound-in!" Die eerste uitgawe het dan ook net een bladsy beslaan ofskoon die doel was om dit tot vier bladsye uit te brei. As rede vir die feit dat dit net uit een bladsy bestaan het word aangevoer dat "the pouring rain has penetrated through our canvas roof and sadly interfered with the harmony of our arrangements." Daar is ook aangekondig dat enige advertensies teen 2/- per reel kon plaas terwyl die koerant afgelewer sou word teen ses pennies per eksemplaar. Op lighartige toon word daarop gewys dat die koerant die grootste oplaag van enige tydskrif of koerant in die distrik van Pretoria het "having readers and subscribers extending within a radius of fully one mile and a half from the office of publication" Daarna word 'n ernstige toon aangeslaan en word 'n oorsig gegee van die gebeurtenisse wat gelei het tot die sogenaamde "rebellie".

Die tweede uitgawe wat op die 25ste Desember verskyn het, gee 'n lang relaas van die slag van Bronkhorstspuit en die redakteur erken daarin ruitelik dat uit die verslae van gewondes wat na die slag toegelaat is om na Pretoria te kom vir verpleging,

geen moordadige of enige laaghartige optrede van die kant van die Boere-krygsmanne bewys kan word nie. Dit was niks meer of minder as 'n botsing tussen die Boere en Engelse waarin die krygskuns van die Boere geseëvier het nie. Om die ruimte verder te vul het Du-Val sy hand probeer waag aan 'n lang gedig oor Kersfees in die kamp terwyl advertensies soos "Lost, on the occasion of a late Patrol, a Boer's courage. Finder will be suitably rewarded on applying at the Tronk Laager" of die een waarin 'n eensame soldaat vra dat hy graag kennis wil maak met 'n "young, pretty and intelligent lady with the view to Matrimony", daarop gemik was om die nodige humoristiese afleiding te verskaf.

Die redakteurs het die kuns dan ook uitstekend verstaan om die verskrikkinge wat die gevegte veroorsaak het te temper deur die aandag van die inwoners daarvan af te lei en op die alledaagse te vestig. So is die ongevallelyste sonder kommentaar gepubliseer terwyl daamaas berigte oor die ontspanningsbedrywighede van die ingehoktes beskryf word. Op die 7de Januarie 1881, het selfs Owen Lanyon aan 'n tenniswedstryd deelgeneem en sy teenstander, 'n militêre offisier, deeglik verslaan.

Die beleërdes het maar al te goed besef dat hul enigste hoop op uitredding 'n Britse deurbraak aan die Natalse grens is. Die verskillende uitvalle wat die Pretorianers teen die Boere-laers gedoen het was dan ook daarop gemik om alleenlik die Boere besig te hou en te verhoed dat hulle die kamp aanval. Hierdie hoop op uitredding moes gedurig aangeslaan word. Op die 22ste Januarie het Lanyon dan ook opdrag aan die redakteurs gegee om die nuus te versprei dat Maj.-generaal Sir George Colley versterkings ontvang het en dat 'n deurbraak en dus ook die ontsetting van Pretoria enige tyd verwag kan word. Intussen moes die inwoners maar ontspan. Dat die algemene stemming van die ingehoktes een van optimisme was, kan afgelei word uit die verslag oor die luidrugtige konsert wat die inwoners die volgende aand gehou het waar tydens Kapitein Churchill die volgende opbeurende lied gesing het.

"We smile at the unnecessary trouble people take;

"For fortune is not regulated by the fuss we make;

"don't advise indifference, but this I mean to say,

"'t s just as well to take things in a quiet sort of way.

"We've only just now polished off the Sekukum king

"And taught the Zulu warrior a humble song to sing,

"When the rebel Boer is fool enough to defy the British sway-

"But we'll teach him yet to rue it, in a quiet sort of way---."

(word vervolg)